
**Spesiale Sinode Uitgawe 1**

**4 Junie 2024**

# Posduif

# Sinode 2024




**NUUSBRIEF VAN DIE SINODE VAN KWAZULU-NATAL**

## Redakteur



# Louis Nel

**Kontak:**

**WhatsApp:**

**082 771 4925**



**E-pos:** kommunikasie@ngkzn.org.za

# Sinodale Kantoor



**Ontvangs:**

**Lolla Bestbier**

**Tel:** **033-345 2276/7/8**

**E-pos:** lolla@ngkzn.org.za

**Ander kontakbesonderhede:**
http://kzn.ngkerk.net/kontak-ons/

**Webwerf:** www.ngkzn.org.za

**Lees vorige nuusbriewe:**
http://kzn.ngkerk.net/vorige-posduif-nuusbrief-uitgawes/

**Laai dokumente af:**
http://kzn.ngkerk.net/inligting-dokumente/

# Posduif gaan oor die volgende paar dae gereeld nuusbrokkies deurgee oor die 2024 Sinodevergadering.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE • KERK IN KWAZULU-NATAL •

IN CHRISTUS ONS VREUGDE

NG KERK IN KZN

**Sewe-en-negentigste Sinodevergadering**

**4-6 Junie 2024**

# NG KERK IN KZN

**Roepingsverklaring – Algemene Sinode 2023**

# Ons Roeping 200+

God Drie-Enig roep ons.

Ons Vader roep ons deur sy Woord en Gees,
na 'n toekoms waar Jesus reeds is.

Op die weg daarheen,
roep God ons om Hóm te vertrou,
wanneer ons na Sy teenwoordigheid verlang
en smag na die heling wat Hý skenk.
God roep ons om onderweg,
nederig na Sý stem te luister,
en dankbaar vir die verlossing in Christus,
Hóm te volg.

God stuur ons – so het ons gehoor –
om as 'n familie van gereformeerde kerke,
in ons verskeidenheid van kulture, tale en gawes
én verenig in geloof, hoop en liefde,
lig en sout vir die wêreld te wees.

Ons word gestuur...

... om as gemeentes en saam met ander kerke te getuig van Christus se Evangelie, sy geregtigheid en vrede; (kerugma)

... om in gemeentes veilige, vriendelike tuistes te help skep, waar mense dissipels van Jesus kan wees; (koinonia)

... om met gemeentes en gemeenskappe saam te werk in die verligting van nood en die bediening van hoop; (diakonia)

... om in ons geloof en aanbidding te groei, toegerus om leiding te neem in die bediening van sy Woord en dié roeping wat God op ons harte lê. (leitourgia)


"Ons wil doen wat reg is,
ons wil liefde bewys,
ons wil lewe voor U,
bedagsaam loop."

Só lui ons Sinodelied van 2023.

Só wil ons God volg,
ons Vader, Verlosser en Trooster.

18DE ALGEMENE SINODE 2023



Nuwe Moderator gekies:

**Prof. Barry Tolmay**

Die nuwe Assessor:

**Ds. Lerissa Meyer**








Die Nuwe Aktuarius:

**Ds. Pieter Swanepoel**

Die nuwe Skriba:

**Ds. Pieter Grobler**



Die nuwe moderatuur:
Vlnr: Ds. Pieter Grobler, Prof. Barry Tolmay,
Ds. Lerissa Meyer en Ds. Pieter Swanepoel.

Die afgelope 4 jaar was ons Sinode se leuse: In pas met Christus na ‘n nuwe toekoms.

Die sinode het nou besluit dat die leuse vir die volgende termyn sal wees:

**In Christus ons Vreugde.**

Die logo is ontwerp deur Hannelise van Wyk en die simboliek daaragter is figure wat uitbundige vreugde toon en Christus, die stralekrans bo hulle vereer.








Hannelize van Wyk, die argivaris berig dat drie gemeentes in die Sinode hulle argiefstukke volledig ingehandig het.




Hannelize saam met
Dr. Hennie Combrinck
van Berea Gemeente



Oudl. Riaan Loubsher
van Escombe
Gemeente



Ds. Annatjie Steyn van
Pietermaritzburg-Noord




# Algemene Sinode se Facebook Blad
# https://web.facebook.com/NGKerk




Videoboodskap aan KZN-Sinode vanaf Ds. Jan Lubbe, Voorsitter van die Algemene Sinode van die NG Kerk.